

4

GOD IS STERKER AS DIE DOOD

Opstanding

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus die dood oorwin het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet Jesus het uit die dood opgestaan.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God die dood oorwin het.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om te vertel wat dit beteken dat Jesus die dood oorwin het; en
- om uit dankbaarheid die nuwe lewe te vier.

MEER INLIGTING (Matteus 28: 1-10; Lukas 24; 1 Korintiërs 15)

Jesus is gekruisig op 'n Vrydag. Vrydagaand as die son sak, het die sabbat vir die Jode begin. Dit het geduur tot die volgende aand. Die Joodse wette het bepaal dat iemand nie op 'n sabbat begrawe mag word nie. Daarom is Jesus se liggaam die Vrydagmiddag voordat die son sak en die sabbat begin, van die kruis afgehaal en in 'n graf neergelê. Dit het baie vinnig gebeur.

Sondagoggend vroeg, net nadat dit begin lig word het, het Maria Magdalena en 'n ander Maria na Jesus se graf toe gegaan om Jesus se liggaam met reukolie te versorg. Toe hulle by die graf kom, sien hulle dat die klip wat voor die ingang van die graf was, weggerol was. In Jesus se tyd was grafte nie 'n gat in die grond nie, maar 'n holte wat in 'n rots uitgekap is, amper soos 'n grot.

Tydens sy lewe op aarde het Jesus vir sy dissipels gesê dat Hy uit die dood gaan opstaan. Die priesterhoofde en Fariseërs was bang daarvoor. Hulle het die Romeine gevra om die graf te beveilig. Die Romeine het vir die priesterhoofde en Fariseërs 'n soldaat gegee om die graf op te pas. As Jesus uit die dood sou opstaan, was die priesterhoofde en Fariseërs bang dat Hy dalk weer sou begin preek en dat mense na Hom sou luister. Daarom het hulle besluit om die ingang na Jesus se graf toe te maak met 'n swaar klip, sodat as Hy uit die dood sou opstaan, Hy nie uit die graf kon kom nie. Hulle wou ook keer dat sy dissipels sy liggaam uit die graf kom haal en sê dat Hy opgestaan het. As die mense sou hoor dat Jesus opgestaan het, sou soveel meer wat andersins nie in Hom sou glo nie, wel in Hom glo.

Toe die vroue by die graf kom, sien hulle dat die klip weggerol was. 'n Engel wat by die graf was, sê vir hulle dat Jesus nie daar is nie. Hy het uit die dood opgestaan. Jesus het daarna by enkele geleenthede aan die vroue en die dissipels verskyn. Nou kan daar geen twyfel meer wees nie. Dat Jesus opgestaan het, was vir hulle almal baie goeie nuus. Hulle kon nie hierdie goeie nuus vir hulleself hou nie, hulle het vir almal daarvan vertel. Net so moet ons bly wees dat Jesus die dood oorwin het. Ons mag nie hierdie goeie nuus vir onself hou nie. Ons moet dit vir die wêreld vertel!

Met hierdie gebeure wys Jesus dat God wat Hom uit die dood opgewek het, sterker is as die dood. Die dood kon Jesus nie vashou nie. Dit kan ons ook nie weghou van God af nie. Daarom hoef ons nie bang te wees vir die dood nie. Die dood beteken nie die einde van ons lewens nie, maar eerder die begin van die ewige lewe.

Jesus het met sy opstanding uit die dood vir ons 'n pad oopgemaak na God toe.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Laat een van die kinders open met gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Geen mens kan iemand wat dood is, lewendig maak nie. Niemand het genoeg mag om dit te kan doen nie. Slegs God het genoeg mag om iemand wat dood is, weer lewendig te maak. Dit het Hy gedoen met Jesus. God is dus sterker en magtiger as die dood. Daarom kan die dood 'n mens nie van God af weghou nie. Omdat God die dood oorwin het met Jesus se opstanding uit die dood, is die pad na Hom toe vir ons oop. Daarom hoef ons nie vir die dood bang te wees nie.

IETS INTERESSANT

Dra die gegewens by MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Lees vir die kinders die verhaal van die opstanding uit Matteus 28: 1-10. Lees weer vers 2 en beklemtoon die feit dat God deur middel van die engel die klip voor die graf weggerol het nadat Jesus uit die dood opgestaan het. Lees ook 1 Korintiërs 15: 14 en verduidelik vir die kinders dat ons geloof leeg sou wees en geen betekenis sou hê as Jesus nie uit die dood uit opgestaan het nie.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle die volgende letters in volgorde rangskik om 'n woord te vorm wat in die regte sin pas.

Babtas	(Sabbat)
Gyrvad	(Vrydag)
Pikl	(Klip)
Nagwairebd	(Aardbewing)
Legen	(Engel)
Grgeiuski	(Gekruisig)
Etsonpaga	(Opgestaan)
Sdleisp	(Dissipels)

- Jesus is op 'n *Vrydag* gekruisig.
 - 'n *Engel* het vir die vroue by die graf gesê dat hulle nie bang moet wees nie.
 - Die *klip* voor die ingang van die graf was weggerol.
 - Jesus het op die *sabbat* opgestaan.
 - Terwyl die vroue op pad was na die graf, was daar 'n *aardbewing*.
 - Jesus, wat gekruisig is, het *opgestaan*. Gaan vertel dit vir sy *dissipels*.
- Laat hulle in hulle boeke skryf wat hulle sou gedoen het en hoe hulle sou gevoel het as hulle die opgestane Jesus op pad graf toe sou sien.
 - Gee hulle genoeg tyd om dit te doen.
 - Laat hulle dit voorlees en bespreek in die groot groep.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle saam met hulle ouers op die Kerk se webblad www.nhka.org gaan soek na iets wat te doen het met die opstanding van Jesus. Laat hulle ook in *Konteks* en *Die Hervormer* gaan kyk wat daarvoor geskryf is.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer en probeer onthou:

- Jesus se opstanding uit die dood wys dat God mag het oor die dood.
- Met Jesus se opstanding uit die dood het God vir ons die dood oorwin.

- Ons hoef nie bang te wees vir die dood nie, want dit kan ons nie van God af weghou nie.
- Die dag waarop ons Jesus se dood herdenk, noem ons Goeie Vrydag.
- Die dag waarop ons sy opstanding uit die dood herdenk, noem ons Paassondag.
- Ons moet vir almal die goeie nuus vertel dat Jesus uit die dood uit opgestaan het.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 421: 1 te sing of hardop te lees, en doen 'n gebed.

*Die Here Jesus lewe,
Hy het die dood oorwin.
Met krag is Hy oorwinnaar:
ons toekoms het begin.
Hy gee ons hoop en vrede,
ons kan weer voorwaarts gaan,
want Jesus is ons Here –
Hy't klaar ons weg gebaan.*